Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MAART 2019

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Burgemeester kondig goedkeuring van onvermydelike en onvoorsiene uitgawes aan

Tydens 'n Raadsvergadering gehou op 22 Januarie 2019 in Hermanus se banketsaal, het die Uitvoerende Burgemeester, Rdh Dudley Coetzee, die raad toegespreek oor die goedkeuring van onvoorsiene en onvermydelike uitgawes as gevolg van brande wat dwarsoor die Overstrand gewoed het.

In sy toespraak het die uitvoerende burgemeester aangedui dat "die brandseisoen vir die tydperk tot op datum uitermatig was en 'n ernstige finansiële uitdaging vir die munisipaliteit inhou." Burgemeester het verskeie faktore vir die toename in uitgawes uitgelig waaronder oortydbetaling vir personeel, voertuigbrandstofkoste en eksterne hulpbronne wat verkry is om te verseker dat die munisipaliteit die nodige kapasiteit gehad het om hierdie abnormale omstandighede te hanteer. Burgemeester het ook na die insident van 11 Januarie 2019 verwys, toe die Brandweerhoof bevestig het dat die Brandweer aan 'n aantal brande aandag moes gee, daarom is 'n kode rooi by die provinsiale regering verklaar. Hulpbronne is bo hul vermoë gebruik met die volgende groot voorvalle:

* **Bettysbaai Veldbrand.**
* **Masakhane-brand wat vinnig na Franskraal versprei het.**
* **Karwyderskraal vuur, wat vinnig versprei en verskeie gemeenskappe bedreig het, waaronder CampHill en die Hemel-en-Aarde vallei. Hierdie het oor die berg na Fernkloof versprei.**

Ongeveer 200ha inheemse plantegroei van die Fernkloof-natuurreservaat het verbrand. Die gebied het ook voorheen in 2008 gebrand en daarom is die veld tans ongeveer 11 jaar oud. Fynbos brand gewoonlik tussen 12-15 jaar sonder groot skade aan die integriteit van die veld.

Die voorlopige beraamde koste van onvoorsiene en onvermydelike uitgawes vir hierdie brande is op hierdie stadium soos volg:

Die beraamde koste vir Brandbestrydingsdienste (Ekstern): *(Finale rekekeninge van ander munisipaliteite nog nie ontvang nie)*	R 3 500 000
Beraamde vervangingskoste van die brandweerwa wat in die brand verwoes is:	R 2 420 000
Beraamde addisionele voertuigbrandstofkostes vir Desember 2018 & Januarie 2019 brande:	R450 000
Oortyd beramings: (gebaseer op oortydeise):	R1 900 000
- Beraamde waterdienste infrastruktuur: (aanjaerpompe, vervanging van huishoudelike watermeters en verbindings, merkers en kleppe vir brandkrane, naamborde)	R978 000
- Beraamde koste vir infrastruktuur skade in Fernkloof Natuurreservaat:	R 100 000
Totale beraamde koste beloop	**R 9 348 000**

Die burgemeester het ook ingevolge die bepalings van artikel 29 van die MFMA aangekondig dat hy op versoek van die Munisipale Bestuurder, onvoorsiene en onvermydelike uitgawes gemagtig het waarvoor geen voorsiening in die 2018/2019 Begroting van die Munisipaliteit gemaak is nie.

Hierdie magtiging was as gevolg van besprekings om die oormatige uitgawes wat aangegaan is met betrekking tot die verskillende veldbrande oor die afgelope paar weke oor die Overstrand te oorweeg, waarvan die omvang redelikerwys nie voorsien kon word nie.

Die finale kostes sal bekom word vir die goedkeuring van 'n Aansuiweringsbegroting op 27 Februarie 2019.

ONDER-GEMIDDELDE REËNVAL IN 2018 IN GROTER HERMANUS

Daar is in 2018 'n totaal van 520mm reën gemeet in Hermanus, met die gevolg dat 2018 die vierde agtereenvolgende jaar met onder-gemiddelde reënval was. Die langtermyn gemiddelde reënval vir Hermanus is 620mm per jaar. Totale reënval gemeet in Hermanus in 2015 was 510 mm, in 2016 was dit 526 mm, met 502 mm gemeet in 2017. Die De Bos Dam se vlak was op 51% op 14 Februarie 2019, in vergelyking met 48% op dieselfde datum in 2018.

Volgens die rekords van reënval gemeet by die munisipale kantore in Hermanus sedert 1936, was die 5 droogste jare tot datum 1973 (365 mm), 1969 (446 mm), 1988 (464 mm), 1975 (468 mm), en 2000 (494 mm).

Op hierdie stadium bly die Vlak 2 waterbeperkings, insluitend die eerste vlak van waterbeperkingstariewe, van krag. Persele met ewe genommerde straatadresse mag hul tuine slegs op Woensdae vir maksimum een uur besproei, en onewe genommerde straatadresse vir maksimum een uur op Dinsdae. Geen besproeiing mag tussen 9:00 en 17:00 op enige van hierdie dae plaasvind nie. Die afspuit van voertuie en harde oppervlakke met 'n tuinslang wat gekoppel is aan munisipale water, word nog nie toegelaat nie.

KONSEP 2017/18 JAARVERSLAG TER TAFEL GELÊ

Munisipaliteit Overstrand se konsep geouditeerde jaarverslag vir die 2017/18 finansiële jaar wat op Dinsdag 22 Januarie 2019 by 'n spesiale Raadsvergadering ter tafel gelê is, sal oorweeg word met al die kommentaar en vertoë wat dit ontvang het gedurende die tyd wat dit oop was vir publieke insae, by 'n Raadsvergadering geskeduleer vir 27 Maart 2019.



Hierdie vergadering sal oop wees vir die publiek. Die jaarverslag bied geleentheid om te besin of die Munisipaliteit nog op koers is.

Tydens 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op Dinsdag, 22 Januarie 2019 het die Uitvoerende Burgemeester van Munisipaliteit Overstrand, Dudley Coetzee, raadslede gelukgewens met die suksesvolle voltooiing van 'n kursus in Goeie Burgerskap aan die Universiteit van Stellenbosch se Skool vir Publieke Leierskap.

Raadslede wie die kursus voltooi het is (l-r) Charmaine Resandt, Fanie Krige, Riana de Coning, Connie Tafu-Nwonkwo, Lindile Ntsabo en Valerie Pungupungu. Saammethulle is Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Burgemeester Dudley Coetzee en Onderburgemeester Elnora Gillion.

**Rdl Vuyani Macotha het nie die raadsvergadering bygewoon nie weens ander werksverpligtinge.*

WAT OM TE DOEN MET BESEERDE DIERE NA DIE ONLANGSE BRANDE

Met die verwoestende brande in Januarie 2019, het ons gesien en gehoor van baie lede van die publiek, noodpersoneel, brandbestryders en omgewingspersoneel wie beseerde diere gevind het wat hulle na 'n veearts geneem of bystand verleen het deur die diere te verwyder vanaf gebiede voordat die vlamme van die vuur hulle kon verswelg.

Hierdie mense is ons helde en wil ons 'n ieder en elk bedank wat meegewerk het om diere in nood te help en vir die omsien na ons omgewing.

Dit sal tyd neem vir die veld om te herstel en vir sade om weer te herlewe/ontkiem; wat beteken dat die natuurlike voedselbron, skuiling en habitat vir die diere op 'n ander wyse 'n uitdaging kan wees. Die gebrek aan plantegroei in uitgestrekte gebiede, het ook 'n impak op die beskikbaarheid van water en vog vir 'n menigte van spesies.

Gegewe die verwoesting veroorsaak deur die brande en die enorme gepaardgaande impakte, sommige waarvan hierbo na verwys is, is dit net onvanpas om te sê: "*They will move to another area, they will be fine*." Ja, hulle sal na ander gebiede moet beweeg maar die beperkte natuurlike ruimte beskikbaar vir hierdie diere wat alreeds slegs die nou strook veld bewoon tussen moei-like bergagtige terrein en die dorpsrant, sal 'n impak hê op hulle gedrag- en bewegingspatrone in die soeke na voedsel en skuiling.

Ons behoort almal daarvan bewus te wees dat die voer van wilde diere verbode is en daarom kan die Munisipaliteit Overstrand nie die voer van enige wilde diere in hul natuurlike habitat aanmoedig nie. Ons wil vra dat mense daarvan bewus moet wees dat diere soos klein soogdiere, akkedisse, slange, voëls, skilpaaie ens. hulle tuine meer dikwels sal besoek oor die volgende aantal maande vir skuiling, beskerming, water of voedsel. Moet asseblief nie hierdie diere doodmaak nie maar rapporteer hulle eerder aan ons sou hulle 'n oorlas raak.

Bobbejane

Die Overstrand het ook 'n groot getal van bobbejaantroppe in die gebiede van Rooiels, Pringlebaai, Bettysbaai, Kleinmond, Onrus, Hermanus, Voëlklip en Franskraal. Dit is moontlik dat ons 'n groot verandering sal waarneem in die gedragspatrone en bewegingspatrone van ons troppe.

Ons wil derhalwe die mense van die Overstrand vra om NIE die bobbejane te voer nie. Moet asseblief ook nie vir hulle voedsel in die veld los nie. Die natuur moet sy verloop neem.

Indien u wil water uitsit vir diere en voëls, moenie dit naby u woning doen nie.

Plaas dit eerder in die veld, verwyderd van die dorpsrant. Daar is ander diere soos katte en honde wat jag kan maak op hierdie diere in en rondom die huise. Maak seker dat u nie vrugtebome, groentetuine, oop vullishouers of sakke, oop komposhope ens. in u tuin het nie - veral indien u binne 500m van 'n natuurreservaat woon of waar 'n natuurlike gebied gebrand het.

Die diere sal poog om op hierdie maklik bekombare voedsel te voed en dit kan aanleiding gee tot aanhoudende en meer ernstige strooptogte en die gepaardgaande konflik met inwoners.

Die Munisipaliteit Overstrand sal u begrip en ondersteuning in hierdie aangeleentheid waardeer. Rapporteer asseblief enige grootskaalse binnedringing van u tuine deur wilde diere of voëls.

Wie om te skakel?

Siek voëls in die Overstrand-gebied kan gerapporteer word aan die African Penguin and Seabird Sanctuary (APSS) op 072 598 7117 (GPS koördinate vir ligging sal van hulp wees), die naaste plaaslike staatsveearts, BirdLife Overberg, CapeNature-kantoor of die Munisipaliteit Overstrand se omgewingsdepartement (028 316 3724 of n/u 028 313 8000/8111).

MUNISIPALITEIT VERSKERP "HONDE AAN LEIBANDE" VELDTOG

Munisipaliteit Overstrand se Omgewingsdepartement versoek dat inwoners woonagtig naasliggend die Fernkloof Natuurreservaat, of die algemene publiek wat gebruik maak van die natuurreservaat vir ontspanningsdoeleindes, bewus moet wees van die huidige toestand van die veld en die herstel van die wildlewe moet ondersteun na die onlangse brande.

'n Jong duiker, wat beseer is tydens die Januarie-brande in die Hemel-en-Aarde vallei, is onlangs vrygelaat in die natuurreservaat ná twee dae van rehabilitasie by die Hermanus Dierehospitaal. Die bokkie was gejaag en getraumatiseer deur honde wat vry binne die Fernkloof Natuurreservaat rondbeweeg het. Hierdie dier - en baie ander wat vrygelaat is - probeer om aan te pas by veranderde omstandighede terwyl ander nog van beserings herstel.

Ons doen 'n beroep op inwoners om hulle troeteldiere daarvan te weerhou om enige wilde diere te jaag. Hierdie diere is alreeds getraumatiseer en verplaas deur die brande en ons poog om veilige omgewings vir hulle te verseker in die gebiede oos van die Fernkloof Botaniese Tuine.

Die Fernkloof Natuurreservaat word beskerm deur die Nasionale Omgewingsbestuur Beskermde Gebiede Wet en honde moet geensins binne die natuurreservaat toegelaat word nie. Die Munisipaliteit het 'n toegewing gemaak deur troeteldiere toe te laat binne Fernkloof in aangewese gebiede - maar vir hierdie toegewing MOET hulle aan 'n leiband wees.

Dit is teenstrydig met die Munisipaliteit se verordening om honde sonder leibande in openbare plekke te bring wat lei tot frustrasie van diegene wat die wetgewing eerbiedig.

Deur 'n hond in 'n openbare plek toe te laat sonder 'n leiband onder beheer van 'n persoon sal 'n boete van ten minste R200 en/of die skut van die hond tot gevolg hê.

• Persone wie met hulle honde stap moet sakkies byderhand hê om hondemis op te tel.

Ooreenkomstig die Munisipale verordening moet honde altyd aan 'n leiband wees en moet onder die beheer wees van die persoon wie die leiband vashou. Artikel 6(2) en (3) van hierdie verordening bepaal duidelik dat "No person may or cause to be allowed any dog to be in a public place unless it is kept on a leash."

Enige oortreding van hierdie verordening kan gerapporteer word aan die Munisipaliteit se Westoepassing by 028 313 8969 of die Beheerkamer by 028 313 8000/8111. Alternatiewelik kan 'n epos gestuur word aan enquiries@overstrand.gov.za, deur ons te voorsien van die lisensieplaatjie of die adres van die betrokke persoon wie se hond nie op leiband is nie.

OVERSTRAND SE VLEILANDE IS BAIE BELANGRIK

Ter viering van Wêreld Vleilandedag sal Munisipaliteit Overstrand Omgewingsdepartement en sy vennote verskeie opvoedkundige programme aanbied om bewustheid van vleilande se waarde en voordele aan te wakker.

Wêreld Vleilandedag word elke jaar op 2 Februarie gehou ter herdenking aan die ondertekening van die Internasionale Konvensie oor Vleilande van Internasionale Betekenis (die Ramsar Konvensie op 2 Februarie 1971.)

Vleilande is gebiede waar oppervlakte water, omring deur land, 'n sentrale rol speel vir die beheer van plaaslike habitat van die plant- en dierelewe wat daar woon. Vleilande kom meestal voor rondom opvangsgebiede- en sluit in riviermondings, strandmere, moerasse, riviere en damme.

Ongeag die vorm of grootte, voorsien vleilande verskeie belangrike dienste vir mense, visse en wildlewe soos die beskerming en verbetering van waterkwaliteit, voorsien habitatte vir vis en wildlewe, stoor vloedwater, onderhou die vloei van oppervlakte water tydens droë tydperke, en die vermindering van gronderosie.

Ons moet ons vleilande vir toekomstige geslagte bewaar, omdat eens vernietig, skaars plant, dier, voël en vis- spesies nie 'n tuiste sal hê om te lewe nie. Ons sal ook nie in staat wees om die gesigte en klanke van die verskillende spesies wat daar woon te geniet nie.

Binne die Overstrand het ons 'n aantal vleilande wat u kan besoek om hierdie unieke habitatte eerstehands te ervaar.

- Die mees omvangryke is die Kleinmond-Lamloch Botrivier vleiland sisteem. (Rooisand is 'n bewaringsgebied, terwyl die Lamloch vleiland op privaat eiendom geleë is). Hierdie vleiland is die tuiste van die kritiek-bedreigde mikro padda en die bedreigde Kaapse Platanna.
- 'n Klein maar waardevolle vleilandgebied van 11 hektaar is geleë op die Hermanus Golfbaan, algemeen bekend as die Flat Street Vleiland.
- Die Mill Stream vleiland sisteem in Stanford voorsien broei habitat vir die Western Leopard Toads. (interessante genoeg, omtrent tot die middel negentigs was Kleinmond die tuiste van die grootste bevolking van Western Leopard Toads in Suid Afrika).
- Die Paddavlei in Hawston is ongelukkig bederf deur besoedeling deur afvalwater.
- Die belangrike voëlkyk-gebiede verbind met vleilande is die Botvlei gebied, Rooisand en die Lamloch moerasse, die Kleinrivier riviermonding en gepaardgaande vleilande aan die kus net Oos van Hermanus asook die Stanford vleilande en die riviersisteem.

Waarom is vleilande so belangrik vir Hermanus en enige ander deel van die natuur?

Vleilande maak 'n belangrike deel van die land se natuurlike infrastruktuur uit en bied 'n natuurlike tuiste vir plante en diere wat nêrens ander kan lewe nie.

Vleilande maak ons dus minder kwesbaar teen beide vloede en droogtes en verbeter die kwaliteit van water.